

Nico van Gijzen



## Raad met jou rande

**E**k hou by ons huidige tema oor beleggings.

Verlede week het ek hier geskryf ("Belegging: 'n Aspoeterskoen wat uniek pas") oor vier belangrike oorweginge voor jy jou geld belê. Vandag wil ek fokus op jou verwagtinge.

Verwagtinge oor opbrengs en jou verwagtinge van jou finansiële raadgewer.

Ek het verlede week gewaarsku teen die algemene vraag: "Ek het R1 miljoen, waar moet ek dit belê?"

En my standpunt hieroor: "Jy maak jousef só wawyd oop vir onetiese geldhiënas. Die vraag alleen kan lei tot beloftes van onrealistiese opbrengste, gestaaf deur kleurgrafieke en syfers oor wat êrens in die verlede gebeur het."

Dit net weer as agtergrond.

### Waar's jou adviesrekord?

Ek kry baie briewe van lesers wat kla oor hul finansiële raadgewer, wat glo dit en dat en nog meer belowe het, wat nie realiseer nie. En wanneer ek dan sê waar is jou adviesrekord (terloops, die wet vereis dat daar 'n adviesrekord moet wees), dan weet hulle nie waarvan ek praat nie.

As ek dieper krap, kom ons elke keer by dieselfde beginpunt. Die finansiële raadgewer ter sprake was dan eintlik 'n verkoopsagent, wat dit verkoop het wat in daardie stadium die blinkste gelyk het.

Aan die kliënt se verwagtinge, sy of haar doelwit en soms selfs vermoë om te kan spaar, is daar min of geen aandag gegee.

Terloops, ter wille van die finansiële raadgewers wat hier lees, daardie vormpie waarop jy die blokkies afmerk, beteken niks. Dis nie finansiële raad nie. Dis 'n spul twak.

Dit is belangrik dat daar vir jou as belegger 'n beleggingsportefeuille saamgestel word waar jy gemaklik is met die risiko wat aangeneem word. Die invul van 'n risikovraelys is bloot nie genoeg nie (dis myns insiens net 'n manier om die advies-verpligting te omseil, deur te kan



# Beleggings: Bestuur jou verwagtinge só

## Doen werk aan die begin reg en laat mark sy ding doen

sê kyk watse moeite het ek gedoen).

Die doel met 'n belegging moet wees om 'n doelmatige portefeuille saam te stel wat sowel jou behoefte en jou toleransie vir onbestendigheid (wisselvalligheid) in ag neem.

Nie om net groei te jaag nie. En dit is hoekom maksimum beleggingsopbrengs en minimum risiko eenvoudig nie versoenbaar is nie. As jy 'n beter as gemiddelde opbrengs verwag, moet jy meer onbestendigheid in jou portefeuille aanvaar.

As jy minder wisselvalligheid vereis, moet jy 'n laer opbrengs verwag.

### Min kan die mark 'speel'

Goed, dit is die harde feite van die beleggingslewe. Hoe pas jy daarby aan? Hoe bestuur jy dit?

Verwag jy dat jou finansiële raadgewer die mark vir jou moet "speel"? Met ander woorde, "op die regte tyd verkoop en op die regte tyd weer koop"?

Dan het ek slegte nuus. Dit werk selde, indien ooit. Navorsing wys dat as hy of sy nie 'n prestasie het van 70% of meer keere in die kol wees nie, gaan jy geld verloor deur die mark te probeer "speel".

Bitter min finansiële raadgewers het die vermoë, kennis of insig om op die regte tyd jou geld vanuit een fonds in 'n ander te skuif. Ek weet sommiges doen

dit, maar wat my aantref is dit meesal oëverblindery eerstens, en tweedens baie keer net 'n manier om sy of haar versuim aan behoorlike finansiële raad te verdoesel.

Of om maar weer kommissie te verdien. Ek sien dit ook. Te veel kere.

Die waarheid is dat kliënte wat uit fondse skuif in die meeste gevalle swakker vaar as die fonds waaruit hulle geskuif het. Navorsing in die VSA en Australië dui daarop dat kliënte gemiddeld net die helfte van die opbrengs kry wat hulle sou gekry het as hulle in die oorspronklike fondse gebly het.

### Moenie skuif nie, skommel net

Dit wil natuurlik nie sê daar moet niks weer gedoen word nie, of dat daar nie 'n hersiening van jou portefeuille moet wees nie. Allermens.

Maar as die werk aan die begin reg gedoen is en jy in die regte fondse vir jou behoeftes en jou toleransie vir risiko belê is, hoekom verander? Solank as wat jou doelwit nie verander het nie, hoekom krap waar dit nie jeuk nie.

Dan is dit net nodig om so elke paar jaar jou portefeuille te herbalanseer. Dit beteken bloot dat die geld weer in dieselfde persentasies tussen die verskillende fondse verdeel word as waarmee jy begin het. Dis natuurlik as jou beleg-

gingsdoelwit steeds is wat dit was.

Herbalansering sal keer dat byvoorbeeld fondse wat 'n groot blootstelling aan aandele het, ná 'n goeie bulmark bietjie swaar gelaai word met aandele. Dit kan die risikoprofiel van jou belegging meer riskant maak.

Anders gestel, dit is goed om so nou en dan bietjie "wins" te neem en in die meer konserwatiewe komponent van jou portefeuille te plaas vir beskerming vir wanneer die mark weer doer onder 'n draai wil maak.

Ekself is nie iemand wat graag fondse skuif as die situasie of veranderde behoeftes dit nie vereis nie. Ek ondersteun die skool wat daarin glo om liever die werk aan die begin behoorlik te doen en dan die mark kans te gee om sy ding te doen.

In elk geval, met multi-bateklasfondse is die fondsbestuurders baie meer ingelig oor marktoestande en gerat om skuiwe binne die fonds self te maak.

Dit is wat hulle doen. Elke dag. Met behulp van 'n span navorsers.

■ Nico van Gijzen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com).